
# Geopende Deure GEBEDSKALENDER



**GEBED**

Hemelse Vader. Ons dank U vir U ewige liefde en die wyse waardeur U dié liefde met ons deel. Ons dank U vir die kanale waardeur ons ook U liefde kan deel en die Evangelie versprei. Gee ons krag om ons oë op te slaan na die berge, waar U teenwoordigheid skyn. Wees ons toevlug en versterk ons in tye van benoudheid om ook ons geloof te behou. Amen

# AUGUSTUS

### 1 Gelowiges wêreldwyd
Bid dat God ons geloof sal versterk sodat ons voertuie word om Sy liefde en barmhartigheid te deel. Bid dat ons van Sy genade kan getuig terwyl ons by vervolgde gelowiges wêreldwyd staan.

### 2 Wêreldleiers
Bid dat wêreldleiers besluite in belang van hul landgenote sal neem, ongeag van hul geloof. Bid dat harte na die Here sal draai in ooreenstemming met Sy wil.

### 3 Vervolgde mans wêreldwyd
Bid dat mans in die vervolgde Kerk hul rol in Christus en huishoudings sal verstaan en in Sy weë sal wandel.

### 4 Vervolgde vroue wêreldwyd
Bid dat God die harte en geloof van vervolgde Christenvroue sal bewaar. Bid dat die Here hulle beskerm en hulle Sy beloftes omarm.

### 5 Kinders wêreldwyd
Bid vir die beskerming van kinders en dat ongelowiges gelei sal word om Sy waarheid te leer ken. Bid dat gelowiges hul ouers se leringe sal onderhou en volgens Goddelike voorskrifte leef.

### 6 God se vervolgde volk
Bid dat God Sy vervolgde kinders wat seerkry, sal heelmaak en seën. Bid dat hulle Hom sal volg en Sy beloftes in tye van benoudheid aangryp.

### 7 Geheime gelowiges
Bid dat God geheime gelowiges sal beskerm wanneer hulle vir lofprysing bymekaarkom. Bid dat dié broers en susters sal onthou dat ons een in Christus is.

### 8 Geopende Deure Internasionaal
Volhard in gebed terwyl ons streef om ŉ verskil in vervolgde gesinne se lewens te maak. Bid vir ons vennote, vrywilligers en die instansies wat dit vir ons moontlik maak om ons vervolgde familie te ondersteun.

### 9 Vrouedag
Vandag vier ons Vrouedag in ons land, asook vroue se prestasies en die verskillende rolle wat hulle vertolk. Bid vir geestelike leiding met die opvoedingstaak van jongmense wat op hul skouers rus. Bid dat God hulle sal versterk in die uitvoering van hul pligte.

### 10 Ongelowiges
Bid vir diegene wat Christus nie ken nie en dat hulle deur ander se geloof tot bekering sal kom. Mag hulle deur dié gelowiges God se teenwoordigheid beleef.

### 11 God se getroue voorsiening
Bid vir God se getroue voorsiening vir vervolgde Christene en die doeltreffende voorsiening van noodhulp. Bid dat hulle en diegene wat hulle ondersteun, hierdeur geseën sal word.

### 12 Noord-Korea
Bid vir ondergrondse Christene wat bereid is om vervolging te trotseer. Bid dat God hulle tydens geloofsreise en Evangelie-verkondiging sal versterk.

### 13 Libië
Bid vir vervolgde Christene wat met die verspreiding van die Evangelie gevaar

(Libië vervolg)

in die gesig staar. Bid dat hulle God se teenwoordigheid sal ervaar. Bid dat Bybelvertalings hier vir ander stamme nuttig sal wees.

### 14 Marokko

Bid vir Christene in Marokko wat die gevaar van kriminele vervolging loop. Bid dat die regering kennis sal neem van diegene wat vir Christene se regte pleit. Bid vir beskerming teen Islamitiese ekstremiste.

### 15 Noord-Afrika

Sarah* is deur ŉ Christelike gesin onderhou en deur Geopende Deure bygestaan nadat haar familie haar verstoot het. Bid vir Sarah se nuwe gesin en deursettingsvermoë om ŉ lig vir diegene rondom haar te wees.

### 16 Noord-Afrika

Latifah* is meer as 15 jaar gelede verstoot omdat sy tot bekering gekom het. Sy verduur steeds vervolging deur haar familie. Bid dat sy, haar man en dogter standvastig in die Here sal bly en dat Hy in alles vir hulle sal voorsien.

### 17 Indië

Bid vir Christene wat die slagoffers is van anti-Christelike bewakers wat bekering wil voorkom. Bid dat hulle in geloof, lofprysing en aanbidding standvastig sal bly.

### 18 Algerië

Bid vir vervolgde kerkleiers in Tizi Ouzou, wat gedwing word om kerke te sluit. Bid vir die vestiging van selgroepe waar gelowiges sonder vervolging kan aanbid. Bid vir vrede en wysheid vir hul kudde.

### 19 Sirië

Bid vir gelowiges soos Anwar*, wat weens vervolging en onsekerheid oorweeg om weg te gaan uit Sirië. Bid dat hulle veiligheid sal vind en hul geloof in Christus sal behou. Bid vir Goddelike seën op hul reise.

### 20 Viëtnam

Bid vir vervolgde Viëtnamese Christene wat teistering ervaar. Bid dat hulle in die skadu van God se vleuels vertroosting sal vind.



Bid dat ons vervolgde familie in Viëtnam vertroosting in die skadu van God se vleuels sal vind.

## 21 Maledive
Bid vir diegene wat met Christus in die Maledive kennis gemaak het en weens vervolging nie dié vreugde met ander kan deel nie. Bid dat hulle standvastig in hul geloof sal bly.

## 22 Egipte
Bid vir vervolgde Christene wat hier as tweedeklasburgers behandel word. Bid dat die regering maatreëls sal instel om Christene in die land te beskerm. Bid vir voorsiening vir diegene wat lewensmiddele kortkom en ondersteuning vir diegene wat bystand lewer.

## 23 Suidoos-Asië
Bid dat vroulike veldwerkers en susters in Bybelstudiegroepe sal voortgaan om God te loof te midde van die gevare wat hulle in die gesig staar. Bid dat God hulle en hul gesinne sal seën.

## 24 Afganistan
Bid vir internasionale militêre personeel, vrywilligers en diplomate wat hul Christelike geloof uitleef. Bid vir gelowiges wat ondergronds verstoot en geteiken word. Bid dat God hulle en hul gesinne sal beskerm en hul geloof sal versterk.

## 25 Oos-Asië
Bid dat ondersteuningspakkette vir vervolgde Christene genoegsaam sal wees om dit met nie-Christene te deel. Bid dat dié bystand as ŉ getuienis kan dien en dat God instansies sal seën wat vervolgde Christene onderskraag.

## 26 Afganistan
Zabi* se familie is deur die Taliban vermoor vir hul geloof. Bid vir volgehoue beskerming en voorsiening vir haar en talle ander soos sy wat uit Afganistan moes vlug. Bid dat hulle sal vasstaan in hul geloof.

## 27 Mianmar
Bid dat diegene wat die afgelope jaar Geopende Deure se vervolgingsgereedheid-opleiding voltooi het dit met geliefdes sal deel. Bid vir volgehoue ondersteuning vir ons vennote met hierdie opleiding.

## 28 Demokratiese Republiek van die Kongo
Bid dat die regering maniere sal vind om Christene te beskerm teen ekstremistiese groepe wat kerke en gemeenskappe aanval. Bid dat leiers wat vir dié weerlose groepe opstaan teen teistering beskerm sal word.

## 29 Noord-Korea
Bid vir beskerming vir vervolgde Christene soos Sa-Myung* en haar gesin in Noord-Korea, wat hul lewens in gevaar stel om die Goeie Nuus te verkondig. Bid dat hulle sal voortgaan om die Woord te versprei.

## 30 Mosambiek
Bid vir vertroosting vir almal wat deur geweld in Mosambiek getraumatiseer is. Bid vir werklose en moedelose jongmense, wat by Islamitiese ekstremistiese groepe wil aansluit. Bid vir wysheid om veiligheid en voorsiening vir hul mense te verseker.

## 31 Nepal
Bid vir diegene wat weens hul bekering verstoot word. Bid dat hulle die Christelike leringe onder alle omstandighede sal behou, selfs in tye van teëspoed.

*Name is vir sekuriteitsredes verander.

# SEPTEMBER

### 1 Lentetyd
Terwyl ons lente in die Suidelike Halfrond binnegaan, bid vir herlewing van geloof regoor die wêreldwye Liggaam van Christus. Bid dat gelowiges opnuut hul geloof sal versterk, selfs in tye van teëspoed.

### 2 Ons vervolgde familie
Bid vir ons vervolgde familie wat bedreig word in lande wat nie by die Wêreld-waarnemingslys 2022 ingesluit is nie. Bid dat hulle vrede sal beleef en sal weet dat hul mede-gelowiges hulle aanhoudend aan die Skepper opdra.

### 3 China
Bid vir vervolgde ondergrondse Christene in China, wat nou tegnologie gebruik om te aanbid. Bid dat hulle toegang tot hulpbronne sal verkry om die Evangelie te verkondig.

### 4 Pakistan
Vervolgde Christene wat beskuldig word van godslastering teen Islam se tronkvonnisse is na doodsvonnisse verander. Bid vir vrede en vertroosting vir hul gesinne.


©IMB.ORG

Vroeër vanjaar het ŉ Geopende Deure-vennoot, Miranda*, ŉ Afgaanse vlugteling-gesin op ŉ onbekende plek gaan besoek. Sy sê oor haar besoek: *"Hoop. Dit is die een ding wat hulle broodnodig het. 'Moet ons asseblief nie vergeet nie!' het hulle by ons gepleit voordat ons vertrek het."*

Danksy jou ondersteuning, kon Geopende Deure hierdie vlugteling-gesin met praktiese bystand help en kan ons aanhou om by hulle teenwoordig te wees in hul tyd van nood. *"Julle is die enigste groep wat ons kom help het,"* sê hulle.

*"Ja, ŉ luisterende oor en besoeke van ŉ bedieningsvennoot kan aan ons Afgaanse broers en susters hoop gee, maar ek weet – ons weet – dat daar nog so baie is om te doen. Die grootste hoop wat ons aan hulle kan gee, is om vir hulle te bid dat hulle die bron van hoop, Jesus Christus, sal ken. So ons volhard. Ek weet Sy werk onder ons Afgaanse broers en susters is nog nie klaar nie."*

### 5 Moslemwêreld
Bid vir waagmoed vir Christelike kerkleiers wat deur Islamitiese ekstremiste geteiken word sodat hulle kan voortgaan om die Evangelie te verkondig. Bid vir beseerde gelowiges wat in die hospitaal opgeneem is en die gesinne van vermoorde gelowiges.

### 6 Bangladesj
Met indiensneming word daar teen talle Bangladesj-Christene gediskrimineer. Bid vir regskennis sodat hulle die ongeregtighede kan teenstaan.

### 7 Sri Lanka
Bid vir bedreigde Christene wat weier om die tradisionele Boeddhistiese gebruike na te kom. Bid vir God se beskerming en dat hulle vreesloos sal wees.

### 8 Bhoetan
Bid vir vervolgde Christengesinne in Bhoetan wat regeringsbystand en ondersteuning geweier word. Bid dat God hulle sal versterk en dat hulle deur ons vennote bystand sal ontvang.

### 9 Sentraal-Afrikaanse Republiek
Christene in die Sentraal-Afrikaanse Republiek wat tydens die pandemie regeringsbystand wou hê, moes hulle tot Islam bekeer. Bid vir God se genade met die opbou van hul lewens.

### 10 Nigerië
Christene wat deur Fulani-militante ontwortel is, staar voor die algemene verkiesing van 2023 groter vervolging in die gesig. Bid dat hulle sal onthou dat God se Naam ŉ sterk vesting is tydens onsekerhede (Spr. 18:10).

### 11 Somalië
Bid vir Christene wat weens vervolging nie vrylik die Bybel kan besit of lees nie. Bid dat God se Woord deur lofprysing in hulle harte gegraveer sal word. Bid dat die Evangelie hulle deur Goddelike kanale sal bereik.

### 12 Kameroen
Bid dat gelowiges in Kameroen ondanks aanvalle op kerke sal aanhou om in geloof te verenig. Bid dat God Christene sal versterk wat die Evangelie verkondig en deur militêre konflik bedreig word.

### 13 Eritrea
Bid vir vervolgde gelowiges wat reeds etlike jare tronkstraf uitdien en van hul gesinne geskei is. Bid dat God se liefde hulle tydens die skeiding sal vertroos.

### 14 Heilige Kruisdag
Die Kerk van die Heilige Graf is in 335 n.C. in Jerusalem op die plek van Jesus se kruisiging ingewy. Bid dat vervolgde Christene herinner sal word aan verlossing deur Christus se lyding terwyl hulle self kruise ter wille van Sy Naam opneem.

### 15 Algerië
Bid vir ons vervolgde geloofsfamilie in Algerië. Weens wetgewing om kerke te sluit, het verskeie gelowiges reeds plekke van aanbidding verloor. Bid dat hulle te midde van vervolging getrou en biddend sal bly.

### 16 Kenia
Bid vir vroue wat weens hul geloof in Christus slagoffers van mishandeling word. Bid dat hulle God se liefde en omhelsing van die Heilige Gees sal ervaar. Bid dat hulle Sy vrede beleef.



Bid vir die beskerming van gelowiges wat nie by nie-Christelike tradisionele oortuigings betrokke wil raak nie, aangesien dit teen God se Woord gaan.

### 17 Kuba
Bid vir vervolgde Christene wat ondervraging en moontlike tronkstraf in die gesig staar. Bid vir gelowiges wat saamkom in geboue wat nie geregistreer is nie. Weens wetgewing word van die plekke as onwettig beskou, wat tot sloping of die sluiting van kerke lei.

### 18 Mexiko
Bid vir die beskerming van gelowiges wat nie by nie-Christelike tradisionele oortuigings betrokke wil raak nie. Bid vir kerkleiers wat hulle teen georganiseerde korrupsie en misdaad uitspreek.

### 19 Colombië
Volhard in gebed vir vervolgde Christene in Colombië wie se menseregte geskend word. Gelowiges loop hier die gevaar om weens die verspreiding van die Evangelie uit gemeenskappe verwerp te word.

### 20 Turkye
Bid vir Turkse Christene wat weens hul geloof misbruik en verneder word. Bid ook vir Christen-vlugtelinge wat met minagting behandel word. Bid dat hulle God se beloftes en die getrouheid van belydende Christene sal gedenk.

## 21 Internasionale Vredesdag
Die Verenigde Nasies het Internasionale Vredesdag in die lewe geroep om die ideale van vrede te versterk. Bid vir vrede en skietstilstande in lande waar Christene konflik ervaar.

## 22 Mongolië
Bid vir Mongoolse Christene wat vervolging in die gesig staar weens die verspreiding van die Evangelie. Bid dat hulle geloof standvastig sal bly en geloofsaadjies sal wortelskiet.

## 23 Indië
Bid vir die beskerming van prokureurs wat vroeër vanjaar gedreig is omdat hulle probeer het om ses vervolgde Christene by te staan. Bid dat God meer mense sal oproep om 'n stem vir vervolgde Christene in Indië te wees.

## 24 Erfenisdag
Bid terwyl ons die diversiteit en kultuur van Suid-Afrikaners tydens Erfenisdag vier. Bid dat ons sal voortgaan om ten spyte van ons verskille te verenig. Bid dat ons eenheid, identiteit en erfenis in Christus mag voortleef.

## 25 Tadjikistan
Bid dat God Moslems sal omarm wat tot bekering kom en as geheime gelowiges leef. Bekeerdes word vervolg, deur hul gesinne verstoot en loop selfs deur onder fisiese geweld.

## 26 Broenei
Bid vir vervolgde Christene in Broenei. Gelowiges word dikwels daarvan beskuldig dat hulle geliefdes verstoot wanneer hulle Islam verwerp. Bid dat hulle in die Evangelie en mede-gelowiges se gebede vertroosting sal vind.

## 27 Indonesië
Bid vir gelowiges uit 'n Moslem-agtergrond wat weens Christelike bekering vervolging beleef. Bid dat God regeringsharte sal verander om wette te hersien wat Christene bedreig.

## 28 Nepal
Bid vir bekeerde Christene soos Pawan*, wat ondanks haweloosheid en vervolging gelowig bly. Bid vir God se seën wanneer die Evangelie gedeel word.

## 29 Koeweit
Bid vir gelowiges uit 'n Moslem-agtergrond wat diskriminasie en intimidasie ervaar. Bid dat God Sy aangesig op hulle sal laat skyn terwyl vervolging voortduur.

## 30 Jordanië
Bid vir voorsiening vir Christen-vlugtelinge wat weens vervolging en werkloosheid na Jordanië moes vlug. Bid ook vir gelowiges wat weens hul oortuigings dopgehou word.

* Naam is vir sekuriteitsredes verander.



Vervolgde gelowiges staan vas op die Rots wat God is. Met kennis oor die prys wat hul Christenskap kos, neem gelowiges die kruis op en vertrou die Here met hul lewens en dié van hul geliefdes.

Baie word gedwing om uit hul tuislande te vlug en moet weggaan uit ŉ bekende en geliefde omgewing. Dikwels beland hulle in lande waar hulle weereens vervolg word.
Baie staar armoede, tronkstraf en aanvalle in die gesig. Sommiges is ondergrondse geheime gelowiges en word gedwing om vir oorlewing hul geloof te herroep.

Tog bly hulle geloof onwrikbaar.

**“Hulle sal julle die hande oplê en julle vervolg en julle oorlewer aan die sinagoges en tronke. Jy sal voor konings en regeerders gebring word ter wille van my Naam.” Lukas 21:12**

# OKTOBER

### 1 Wêreldwaarnemingslys 2023-samestelling

Bid vir die suksesvolle navorsing en samestelling van die 2023 Wêreld-waarnemingslys. Bid dat die verslae bewusmaking sal skep wat die publiek aanmoedig om vervolgdes te ondersteun.

### 2 Noord-Korea

Bid vir Noord-Koreaanse gelowiges wat gedwing word om hul geloof geheim te hou. Bid dat hulle vreugde sal vind in die wete dat gelowiges wêreldwyd hul geloof deel. Bid dat die vervolgers God se genade sal ervaar.

### 3 Somalië

Somaliese Christene vertrou op God met die wete dat die verkondiging van die Evangelie hul lewens kan eis. Bid vir beskerming en volharding in hul geloofsreis.

### 4 Libië

Dit is sewe maande sedert Athit vrygelaat is nadat hy onder huisarres vir evangelisasie geplaas is. Loof God dat Athit kan aanhou om die Skrif met sy landgenote te deel en God te eer!

### 5 Eritrea

Bid dat gelowige gevangenes in Eritrea vryheid in Christus sal beleef en getrou aan die Here sal bly. Bid vir kerkleiers wat gevange geneem is nadat hulle die regering teëgegaan het. Bid dat hulle ondanks vervolging versterk sal word.

### 6 Turkmenistan

Bid vir die veilige terugkeer van vervolgde gelowiges wat deur hul geliefdes as vermis

(Turkmenistan vervolg)
aangemeld is. Bid dat hulle met hul families herenig sal word.

## 7 Pakistan
Bid vir vervolgde gelowiges teen wie weens hulle verhouding met Christus gediskrimineer word. Bid dat God hulle geestelik en verstandelik sal versterk tydens hul geloofsreis in Pakistan.

## 8 Iran
Bid vir vervolgde Iranse Christene terwyl veldtogte hier ingespan word om die Christendom te verklein. Bid dat Iranse gelowiges deur die Heilige Gees in die Liggaam van Christus verenig sal bly.

## 9 Nigerië
Bid dat ons broers en susters standvastig in geloof sal bly terwyl aanvalle deur Boko Haram-militante en gewapende Fulani-veewagters toeneem. Bid dat hulle vrede en vertroosting in die Here sal vind.

## 10 Indië
Bid vir God se vrede oor Christene wat in Indië geteiken word. Bid dat hulle in geloof standvastig sal bly. Bid ook dat God Homself aan die anti-Christelike groepe sal openbaar sodat hulle tot bekering kan kom.

## 11 Azerbeidjan
Bid vir die terugkeer van veilige lofprysing en aanbidding vir gelowiges in Azerbeidjan. Seën die plekke waar hulle nog kan bymekaarkom om God te loof.

## 12 Jemen
Bid vir diegene wat verlossing in die Here soek. Bid dat hulle gelei sal word na gelowiges wat hulle as broers en susters in Christus verwelkom.

## 13 Noord-Afrika
Ondersteun ontwortelde Christene wat dreigemente oor aanvalle in Noord-Afrika moet verduur. Bid vir ons vervolgde familie


Bid vir standvastige geloof en vrede vir ons Christen-familie in Nigirië terwyl vervolging steeds toeneem.

(Noord-Afrika vervolg)

wat hul huise en geliefdes verloor het. Bid dat hulle vertroosting in die Here sal vind.

### 14 Wes-Afrika
Bid vir genesing vir vervolgde Christene wat gevange geneem is en gelowiges wat uit die tronk vrygelaat is. Bid ook vir deursettingsvermoë vir gelowiges wat as gyselaars aangehou word.

### 15 Sentraal-Asië
Bid dat die harte van leiers in Sentraal-Asië teenoor Christene sal versag. Bid dat hulle dit sal oorweeg om ŉ veilige hawe vir Christene te skep.

### 16 Midde-Ooste
Bid vir ons vervolgde familie wat die Evangelie verkondig. Bid vir die vrylating van gevangenes wat van evangelisering aangekla word.

### 17 Suid-Asië
Bid dat vervolgde Christene in Suid-Asië hul plek in die Liggaam van Christus sal volstaan. Bid dat God hulle tydens vervolging sal beskerm en Jesus se vrede sal laat beleef.

### 18 Midde-Ooste
Bid vir ons broers en susters in die Midde-Ooste, wie se lewens deur skeiding, marteling en selfs die dood ondraaglik gemaak word. Bid dat God hulle ondanks vervolging sal versterk.

### 19 Oorloggeteisterde lande
Ondersteun vervolgde Christene in oorloggeteisterde lande. Bid vir die herlewing van geloof in God en verwagting te midde van die heersende konflik. Bid dat hulle Goddelike vrede sal beleef.

### 20 Suid-Afrika
Bid vir Suid-Afrikaners wat die afgelope maande groot beproewings in die gesig moes staar. Ongeag van grootskaalse vloede en Covid-19 het Christene hier steeds getrou gebly. Bid dat hulle deur die Heilige Gees vertroos sal word en Goddelike heling sal ontvang.

### 21 Gebed vir herstel
Bid vir lande wat deur konflik en ongeregtighede geteister word. Bid dat dié lande sal herstel en staatshoofde sal onderneem om vir hul landgenote veilige ruimtes te skep, ongeag van hul geloofsoortuigings.

### 22 Danksegging
Prys die Here vir die positiewe terugvoer wat van ons vervolgde broers en susters ontvang is. Dank God dat Hy Sy beloftes oor die herstel van Sy volk nakom.

### 23 Christelike onderwys vir kinders
Bid vir kinders in die vervolgde Kerk se opvoeding. Bid dat hulle ontvanklik sal wees vir Christelike leringe. Bid dat onderwysers die Here se liefde en vreugde by hulle sal vestig.

### 24 Geopende Deure-leierskap
Bid dat God ons leierskap met wysheid sal toerus. Bid vir positiewe uitkomste van besluite wat ons werk en vervolgde familie beïnvloed. Bid dat alles tot eer van God sal wees.

### 25 Geopende Deure-vennote
Prys God vir broers en susters wat aanhou streef om Geopende Deure se kernwaardes uit te leef. Bid dat God diegene wat ons vervolgde familie dien oorvloedig sal seën.

## 26 Geopende Deure-vennote in die veld

Dank God vir ons vennote in die veld, wat hul lewens daaraan wy om die Evangelie aan beide gelowiges en ongelowiges te verkondig. Bid dat God hulle sal beskerm en in alles sal voorsien.

## 27 Geopende Deure-gebedsbyeenkomste

Bid vir Geopende Deure-spanne se wêreldwye gebedsbyeenkomste. Bid dat hulle in die teenwoordigheid van die Heilige Gees met seën en liefde gelei sal word. Bid dat gebedsversoeke deur God beantwoord sal word volgens Sy wil.

## 28 Geopende Deure-reisbediening

Bid dat die mense wat ons vervolgde familie deur ons reisbediening ontmoet in hul geloof bemoedig sal word. Bid dat dié reise ook ons vervolgde familie sal versterk.

## 29 Egipte

Bid vir jong Christene wat weens hul geloof sukkel om werk te kry. Baie is vaardig, maar word dikwels weens hul geloof werk geweier. Bid dat hulle nie moedeloos sal raak nie en dat die Here deure vir hulle sal oopmaak.

## 30 Afganistan

Bid vir uitgeweke en bedreigde Afgaanse gelowiges in vreemde lande. Bid dat hulle God se teenwoordigheid en liefde sal ervaar. Bid dat hulle geloof standvastig sal bly namate vervolging toeneem.

## 31 Briefskrywers

Dankie vir gelowiges wat briewe van bemoediging aan ons vervolgde broers en susters stuur. Bid dat hulle bemoedig sal word terwyl hulle voortgaan om ander te ondersteun. Bid vir die veilige verspreiding en aflewering van die briewe.



Bid vir die veilige verspreiding en aflewering van briewe aan ons vervolgde familie, dat hulle kan weet hulle is nie alleen nie.

Geopende Deure   Vervolg Maar nooit alleen.

*Verteenwoordigende foto's is gebruik en name is vir sekuriteitsredes verander. Alle inligting was teen druktyd korrek.